

Bewaar.

Die Vertaling van die Dagregister

191. A. 1 (62)

(Deur prof. H. P. Thom)

Om die Van Riebeeck-Dagregister in Engels te vertaal, is ~~dit~~ geen kleinigheid nie. Neem maar 'n eenvoudige sinnetjie: „Heden zijn de schepen Godeloff opgesondert” - en probeer dit nou in Engels sê! 'n Mens het die betekenis en sodanig vel in Engelse woorde voorges, maar om dieselfde taal-atmosfeer, dieselfde gevoelenswaard, dieselfde sewentiende-eeuse deftigheid te verkry - dit gaan nie so maklik nie.

Deur die Van Riebeeck-Vereeniging het, toe hy in Junie 1909 besluit het om die Dagregister ten tyde van ons Dinsdag seftes te publiseer, terselfdertyd verklaar dat hy ook 'n volledige Engelse vertaling in die lig gaan gee. Dit was baie nodig, want 'n groot aantal ~~van~~ ~~die~~ lede van die Van Riebeeck-Vereeniging het die sewentiende-eeuse Nederlands nooit kon lees nie; en veral is die wenslikheid gevoel om hierdie groot en belangrike Zuid-Afrikaanse dokument vir Engelseprekendes in die algemeen - ook buite Zuid-Afrika - toeganklik te maak. Daar was dus geen twyfel omtrent: die vertaling moes geskied.

My taak was oorspronklik net om 'n historiese inleiding en verklarende, historiese note vir die Dagregister te skryf; met die vertaling was ek hewer niks te make

Die oud-reester H. S. van Rijn, die Voorsitter van die Van Riebeeck-Vereeniging, is 'n man met 'n goeie en ~~moedige~~ ^{moedlike situasie} te hanteer - en sy sin te kry. Een winter seoud, toe die Raad van die Van Riebeeck-Vereeniging in die Zuid-Afrikaanse biblioteek byeenkom het, en 'n Historiese komitee om die vensters van die Kaapstadse skool skyn, het die versameling van ons uit, elê - met bogenklike blikke na sy kant toe - aanskouend vel soos 'n man word, en dat dit behoort te lees. *die deur*

gestrukke vertalers soek en hulle werk later kontroleer

(slotte ten)
wesk

~~_____~~
~~_____~~
~~_____~~
~~_____~~
~~_____~~

^{ons}
was ~~_____~~ gelukkig om goed-onderlede, betroubare vertalers te vind. Mnr. W. P. L. van Zyl, hoofvertaler van die Volksraad, sou Deel I (1957 - 1958) doen; dr. J. Smuts, indertyd ook van die vertalerspersoneel van die Volksraad en tans lid van die redaksie van die Afrikaanse Woordboek op Stellenbosch, sou Deel II (1958 - 1959) onderneem; en mrs. C. Johnson en A. Ravenscroft, lektors in Engels aan die Universiteit van Stellenbosch, sou vir Deel III (1959-1960) verantwoordelik wees. ^{Hulle vier} ~~_____~~

~~_____~~ het ywerig aan die werk gespring en onvermoed volgehou tot hulle taak voltooi was; en hartliker samewerking as wat ek van hulle ontvang het, sal 'n mens seker nie maklik kry nie.

Hulle vertaling is ~~_____~~ vervolgens in die Kaapse Argief gecontroleer, waarby ek voortdurend die bystand van mr. Victor de Kock van die Argiefpersoneel gehad het. Die gekontroleerde teks is dan weer, natuurlik meer met die oog op die Engelse inkluding, agtereenvolgens gelees deur mr. D. H. Verley (bibliotekaris van die Suid-Afrikaanse Biblioteek), dr. E. E. Wessop (bekende navorser oor die ou Kaapse psalm) en mr. V. Walpole (senior lektor in Engels aan die Universiteit van Stellenbosch). Ook ~~_____~~ hulle ^{het 'n niks} ~~_____~~ belangrike bydrae gelewer, ^{son} ~~_____~~ ^{son} ~~_____~~ die werk seker nooit so goed gevorder het nie.

Alrus het dan die Engelse vertaling van die Daphneregister ontstaan, wat nou, saam met die ou Hollandse teks, gesander in drie dele uitgegee word. Of dit 'n geslaagde vertaling is, sal die leser maar self moet beoordeel. Maar om 'n nadere indruk van die aard van die werk te gee, wil ek kortliks lig werp op die vernameste probleme wat deur die vertaling meebring is.

Wat 'n mens dadelik moet besef, is dat die vertaling van die Dagberegister nie vertaling in die gewone sin van die woord is nie - nie vertaling uit één moderne taal in 'n ander moderne taal nie. Dit is ook nie vertaling uit die ou vorm van 'n taal in die moderne vorm van daardie taal nie. Maar dit is vertaling uit die ou, sewentiende-eeuse vorm van één taal, Nederlands, in die moderne vorm van heeltemal 'n ander taal, Engels. Die taal waeruit vertaal moet word, bestaan vandag nie meer in presies dieselfde vorm waarin dit in die Dagberegister voorkom nie. N.a.w. ons moet verstaan dat daar woorde en uitdrukkinge in die Dagberegister ^{gevind} sal ~~word~~ ^{word} wet in moderne Nederlands en Afrikaans nie meer bestaan nie, of wat vandag ander betekenis gekry het. In werklikheid is ~~daar~~ daar dan ook talloso sulke gevalle, en hierteen moes vertalers en reviseurs gedurig wettkerloop.

As ons bv. lees van 'n Hottentot wet in die veld "aangetrof" word met "sijn geweer", dan wil dit natuurlik nie noodwendig sê met sy skietgeweer nie, maar - ooreenkomstig die sewentiende-eeuse betekenis van die woord - met sy wasen, wat waarskynlik 'n soort of pyl en boog was. Of as ons van pragtige koppe slaai lees, "stijff twee ponden in gewichte", dan wil dit nie sê dat hulle styf of hard was, en twee pond geweeg het nie, maar dat hulle goed (of waklik) twee pond geweeg het.

Maar daar was veel moeiliker strukke as hierdie. As 'n ~~skrywer~~ ekspedisie rapporteer dat 'n Franse skip in Saldanhabaai agter geloot het "3 tonnen as", dan beteken dit nie drie ton as nie, maar drie veertjies as - veertjies as is nl. aan land gebring om afgeslagte robbevelle te bestrooi. En as 'n wegloper vertel dat hy van "een goutherg" gedroom het, dan kan 'n mens dit nie vertaal met a mountain of gold nie, want 'n "goutherg" is gewoonweg 'n goudmyner. Terloops, so het Van Riebeeck by die opbeuvel 'n "wijnberg" aangeplant, nie 'n wine mountain nie, maar 'n wingerd - en hoeveel van ons weet dat wynberg op hierdie manier sy naam gekry het!

Die probleem het nog moeiliker geword wanneer dit nie om sekere voorse as sodanig gegaan het nie, maar om uitdrukkinge van die tyd.

genoemde sinnetjie word ons dedelik duidelik.

By 'n ander geleentheid het Van Riebeeck met 'n klomp hongerige
Hottentotte te doen gekry, wat kos vir hulle leë buike gevra het,
„daerinae loose wegen ^w [^] eijnich hadden“. Wat hierdie duistere woorde
moet beteken, sal seker geen vertaler sonder meer kan uitvind nie,
meer gelukkig het in hierdie geval 'n vergelyking van die twee be-
skikbare tekste van die Dagregister die oplossing gebied. Die
aangehaalde woorde is uit die kopie van die Dagregister wat in die
Rijksergief in Den Haag bewaar word, en dit is vergelyk met die
swaar-gehawende oorspronklike Dagregister in die Kaapse Argief,
(^{afkomstig}
[^]
^{die woorde moet})
waaruit toe blyk dat ~~dit~~ lees: „daerinae soo se wesen weijnich
hadden“. Die betekenis was ~~was~~ dus ook nou hier volkose duidelik,
en 'n bevredigende vertaling kon gemaak word. Meer 'n mens was darem
~~nie altyd so gelukkig nie.~~
nie altyd so gelukkig nie.

Wat verder ook heelwat moeilik is de opgelewer het, was die ver-
hollending van vreemde - bv. Franse en Engelse - persone-, plek- en
skeepnams. Daar hoef geen twyfel oor te bestaan dat die skrywer
van die Dagregister, of dit Van Riebeeck was, of sy sekretaris of
sy boekhouer (en ek glo persoonlik dat Van Riebeeck met die werklike
skryf van die Dagregister weinig te doen gehad het - dit epter nou
daar gelate!) meer min kennis van Frans en Engels gehad het. Hy
probeer soms om, ooreenkomstig die uitspraak van 'n naam, dit in
Hollands weer te gee; of anders om dit te vertaal - dikwels met
vermeeklike, soms selfs noodlottige, gevolg.

In sulke gevalle moet 'n mens dan meer probeer nagaan wat die
korrekte vorm van die betrokke naam ^(moes gewees het.) ~~was~~ Die Fransman wie se naam
„Jan Bobbertsz" geskryf word, sal seker Jean Robert gewees het, en sy
landgenote „Andrieus Leveillje" en „Phillips Pottje" ongetwyfeld
André Leveille en Philippe Poitiers. Die Franse skepe wat as ~~was~~
„St. Joris" en „De Beer" aangegee word, sal klaarblyklik St. ²⁰ ~~Caprice~~
en L'Ours gehet het. As ons die name van Engelse seeliede tekenen,
„Thomas Housen", „Robbert Tensel" en „Jan Swenley", dan verg dit
nie veel studie om van te stel dat ons met Thomas Jensen, Robert
~~Swenley~~

Tindell en John Stanley te doen het nie. Die Engelse skope „Willecompst“, „Liefde“, „Olijfftaeq“ en „Oost Indies Marchiant“ sal sonder twyfel geheet het Welcome, Love, Olive Branch en East India Merchant.

Die neiging tot vertaling het by die ~~skrywer~~ skrywer van die Dagregister soms wel ~~ook~~ ook te ver gegaan, soos bv. toe hy die Engelse skip Eagle gaan sêgee het as ~~„De Egel“~~ „De Egel“ (Ystervark). In billikheid teenoor hom moet egter bygevoeg word dat hy daren self ook gevoel het dat daar iets ~~skort~~ skort, ~~want~~ want hy maak die opmerking dat die ~~naam~~ ^{boegfiguur} van die skip veel meer op 'n „erent ^{of} ander vogel“ as op 'n ystervark gelyk het. Daar is egter skynbaar minder verskoning vir hom as hy van 'n Engelse skip „Jan Anthonis“ melding maak. Hy het die naam natuurlik nie onder oë gehad nie, maar eenvoudig op die klank afgegaan: die skip was vermoedelik niks anders nie as die John and Thomas.

Verder 'n woord oor 'n ander tipe van probleem: Harry se Engels. Harry se rechte naam was Autshumo. Hy was kaptein van die eraselige Strandloper-Hottentotte; en die eerste inboorling met wie Van Riebeeck ná sy aankoms in aanraking gekom het. Hy het voorheen reeds met Engelse seeliede kennis gemaak, en selfs met 'n Engelse skip na Oos-Indië geveer, sodat hy nogal 'n bietjie Engels leer praat het. Die Engelse het hom Harry gedoop, 'n naam waarop hy teenlik groots was, en wat in die Dagregister konsekwent as Harry weergegee word. Dit hoef ons dus nie te verwonder nie dat die Dagregister dikwels melding maak van „den Hottento die Engels spreek“, en dat daar soms selfs Engelse mededeling van hom gereporteer word.

Maar nou staan ons voor hierdie moeilike situasie: Harry het maar swak Engels gepraat; die skrywer van die Dagregister nóg swakker; en ons moet Harry se Engels uitmaak uit die weergawe deur van deur die skrywer van die Dagregister! Hierdie probleem het hom gelukkig nie so dikwels voorgedaan nie, maar as dit hom ~~voorgedaan~~ voorgedaan het, was dit lastig genoeg.

As Harry, in die loop van 'n ekspedisie na die binneland, 'n paar van sy blanke metgeselle opgewonde toeloop met die woorde:

"Goo, goo", dan verstaan ons alreou dat hy op Engels moes uitgeroep
 het: Go! Go! Moeiliker is eger sy „Mosie^y“: korporaal Muller wys
 hom met sy vaaen daarop dat van die blankes se koper gasteel is;
 Herry antwoord: „Mosie, maar weet ghij mij te zeggen wie het heeft..!“
 'n Mens dink onwillekeurig dat „Mosie“ 'n Hottentot^(H) woord kan wees,
 maar dit is blykbaar niks anders nie as nog 'n voorbeeld van Herry
 se Engels: No Sir!

Ons kan nog verder gaan en baie ander probleme noem wat in die
 loop van die vertaalwerk opgeduik het, maar die voorgaande sal
 seker al 'n aanduiding ~~van~~ ^{gee} van die aard van die moeilikhede, waaraan
 die vertalers en die reviseurs te kampe gehad het. Die vernasamste
 en moeilikste probleem was eger dié wat heel aan die begin aan-
 geroer is, nl. om die gevoelswaarde van 'n woord of uitdrukking in
 die ou Hollandse teks behoortlik te peil en te waardeer, ~~en~~
 dieselfde skakering of nuansering dan in die vertaling oor te ~~dra~~
 dra. Vir enige vertaler is dit altyd 'n moeilike kwessie, maar vir
 die vertalers van 'n ou teks soos die Dagberegister is dit dubbel
 moeilik. 'n Mens kon natuurlik getrag het om die Engelse vertaling
 'n argaïstiese of verouderde kleur te gee, maar om dit met welslae
 te doen, vereis 'n buitengewoon grondige kennis van die ou vorme van
 sowel Nederlands as Engels, en 'n mens sou buitendien dan nog altyd
 gevaar geloop het om ~~in~~ ⁱⁿ kunsmatige bevoordinge en selfs beleglike
 argaïsmes te verval. Die vertalers en reviseurs het dus nie hierdie
 gevaarlike weg gekies nie. Verder het hulle geprobeer om 'n heldere,
 juiste vertaling in gangbare, hedendaagse Engels te gee. Die aard
 van die dokument wat vertaal word, sal eger vanselfsprekend meebring
 dat die vertaling tot op sekere hoogte 'n ~~atmosfeer~~ ^{outydse} atmosfeer sal hê.

Hoe dit sy, die vertaling wat aldus tot stand gebring word,
 sal 'n waardevolle bron van die Suid-Afrikaanse geskiedenis tot
 beskikking van Engelssprekendes oor die hele wêreld stel, en ook
 tot beskikking van baie andere wat moeilikheid met die
 sewentiende-eeuse Nederlands sou ondervind het. Hierdeur sal
 weer nie net die geskiedskrywing gedien word nie, maar ook meer
 kennis en 'n beter begrip van Suid-Afrika versprei word - en miskien sal
 dit ook ^{help om} 'n bietjie meer vriendelikheid vir Suid-Afrika ~~te wen~~ ^{te wen}.